Publication: Beeld
Title: Skuldstrik
AVE: 94787.58

Page: 1
Publish Date: 02 November 2023
Author: Francois Williams

‘SA SINK WEG IN…

Skuldstrik’

Op ’n ‘glibberige glybaan’, maar hy wil nóg meer leen

Francois Williams

Verkeerde besluite, ekonomiese stagnasie en die staat se misluk-king om staatsondernemings reg te ruk is van die redes waarom die staat se geldsake aansienlik versleg het.

“Ons is stadig besig om in ’n klassieke skuldstrik weg te sink en plaas daardeur ’n onbillike las op toekomstige geslagte.”

Dié verdoemende kommentaar van Nedbank se ekonomiese een-heid is van die wisselende reak-sie op gister se mediumtermyn-begrotingsraamwerk (MTBR).

Daar is skerp kritiek uit ver-skeie oorde op veral die regering se besluit om staatskuld selfs verder te verhoog as antwoord op al sy probleme.

Die afname in die belastings wat tot dusver ingevorder is weens laer kommoditeitspryse en Eskom en Transnet se krisis-se, het tesame met die skerp sa-larisverhogings aan staatsampte-nare en die skuldpakket vir Es-kom ’n groter begrotingstekort veroorsaak.

’n Ekstra R34 miljard kom ook by om die armoedetoelae, wat veronderstel was om tydelike verligting gedurende die Covid-19-pandemie te bied, met nog ’n jaar te verleng.

Dit beteken die staat moet meer geld leen, wat hom meer gaan kos weens hoër rentekoer-se.

Daar was duidelik nie enige aptyt vir moeilike besluite in die MTBR nie, sê prof. Raymond Parsons van die Noordwes-Uni-versiteit se sakeskool.

Hy en talle ander kommenta-tors verwelkom wel die regering se belofte in die MTBR om die struktuur en grootte van die staat te herskik om koste te be-snoei.

Hy meen dit was onafwend-baar dat die armoedetoelae met nog ’n jaar tot Maart 2025 ver-leng sou word.

Parsons waarsku dat die staat se geldsake op ’n glibberige gly-baan na benede bly.

Volgens hom het die MTBR nie ’n duidelike fiskale plan ge-wys hoe die regering besteding gaan besnoei en die begrotings-tekort gaan verklein nie.

Sy siening word beaam deur Bennie van Zyl, hoofbestuurder van die landbou-organisasie TLU SA wat sê Enoch Godongwana, minister van finansies, het bloot die stukkende meubels op die sinkende skip rondgeskuif.

“Suid-Afrika is op koers om oor ’n fiskale afgrond te tuimel en ons hou vol met die benade-ring wat ons tot hier gebring het,” sê Van Zyl.

Ekonome het wel lof gehad vir tekens dat die tesourie die krane ietwat toedraai wat reddings-boeie aan staatsondernemings betref.

Die skuldverligtingsprogram van R254 miljard vir Eskom wat in Februarie aangekondig is, is ’n donker wolk oor die staat se balansstaat in die volgende drie jaar. Godongwana het nou ’n wy-sigingswetsontwerp ter tafel gelê wat hom die reg sal gee om die jaarlikse bedrag aan Eskom met tot 5% te verminder, asook om die rentevrye lenings in rente-draende lenings te verander.

Angelika Goliger, hoofeko-noom van die ouditgroep EY Africa, sê dis ’n welkome ont-wikkeling om seker te maak Es-kom hou by sy voorwaardes vir die skuldhulp.

Sanisha Packirisamy, eko-noom van Momentum Invest-ments, sê die pas van die rege-ring se hervormingspogings bly teleurstellend stadig. Sy beaam dat swak ekonomiese groei die kernprobleem is.

Packirisamy waarsku die vol-gehoue risiko’s vir groei en die staat se geldsake op medium- tot lang termyn kan ’n risiko vir ’n verdere verswakking van Suid-Afrika se kredietgradering in-hou.

Hugo Pienaar, nuwe hoofeko-noom van die Mineraleraad van Suid-Afrika, sê die staatskas se penarie word beklemtoon deur die feit dat die regering mik om belastingmaatreëls in Februarie se begroting aan te kondig om ’n ekstra R15 miljard in te vorder.

Dit is ondanks die besnoeiing van R85 miljard in nierentebeste-ding, wat vir die volgende twee jaar beplan word.

“Die taak is so groot dat selfs R85 miljard se besnoeiings nie ’n duik maak nie. Die oplossing is sterker ekonomiese groei. Daar is net soveel wat gesny kan word en daar is risiko’s vir die ekono-mie as belasting verhoog word,” sê Pienaar.

Matthew Parks, waarnemende nasionale woordvoerder van die vakverbond Cosatu, kla dat die tesourie se “eng fokus om die staatsdiens se salarisrekening te sny, ’n lui opsie is” wat nie die verskeie krisisse sal oplos nie.

“Om ’n verpleegster te min te betaal gaan nie maak dat die treine betyds loop nie. Dit sal wel die breinkwyn laat blom van vaardige staatsamptenare wat na beter betalende en minder stresvolle poste oorsee uitwyk.”

Enoch Godongwana, minis-ter van finansies, lewer gister sy mediumtermyn-begrotingsraamwerk in Kaapstad. Foto: REUTERS

MTBR IN SYFERS

R56,8 miljard
Belastinginvordering vir lopende boekjaar sóveel minder.

R330,1 mjd.
Begrotingstekort rek tot soveel teenoor Februarie se verwagting van R275,4 miljard.

R4 800 mjd.
Totale staatskuld sal in die lopende boekjaar tot soveel styg.

R553 miljard
Staat moet soveel in die volgende drie jaar leen.

> **Om ’n verpleegster te min te betaal gaan nie maak dat die treine betyds loop nie. Dit sal wel die breinkwyn laat blom van vaardiges.**
>
> — Matthew Parks, Cosatu

> **Suid-Afrika is op koers om oor ’n fiskale afgrond te tuimel en ons hou vol met die benadering wat ons tot hier gebring het.**
>
> — Bennie van Zyl, TLU SA

> **Die oplossing is sterker ekonomiese groei. Daar is net soveel wat gesny kan word en daar is risiko’s as belasting verhoog word.**
>
> — Hugo Pienaar, Mineraleraad

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.